Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**PUNTE-TOTAAL**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

# MUSIEK: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 1½ uur

50 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Hulpbronboekie van 8 bladsye (i–viii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Maak die Hulpbronboekie in die middel van jou vraestel los. 'n Bladsy gemerk vir rofwerk is in die Hulpbronboekie ingesluit.

2. Al die vrae moet op hierdie vraestel beantwoord word. Moenie enige vrae in 'n Antwoordboekie beantwoord nie.

3. Musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word.

4. Laat jou asseblief deur die puntetoekenning lei wanneer jy jou antwoorde beplan; die aantal reëls wat benodig word, sal van individuele handskrif afhang. Een punt sal vir elke wesenlike feit toegeken word. Jy sal nie krediet ontvang vir herhaalde inligting in jou antwoord nie.

5. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan. Moenie Tippex gebruik nie.

6. Twee blanko bladsye (bladsy 7 en 8) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsye indien jy te min spasie vir 'n antwoord het. Toon die nommer van jou antwoord duidelik indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.


---

| VRAAG | MAKSIMUM PUNT | BEHAAL |
|---|---|---|
| 1 | 19 | |
| 2 | 23 | |
| 3 | 8 | |
| TOTAAL | 50 | |

IEB Copyright © 2021


## VRAAG 1

1.1 Skryf die G mineur pentatoniese toonleer sonder 'n toonsoortteken. Gebruik kwartnote.




(1)

1.2 Skryf die chromatiese toonleer wat op F begin. Gebruik presies twee mate in 4/4-tyd sonder om enige rustekens te laat.



(2)

1.3 Skryf die toonleer van B majeur met 'n toonsoortteken. Gebruik agstenote in saamgestelde vierslagmaat en voltooi die maat met rustekens.



(4)

1.4 1.4.1 Noem die toonsoort waarop die volgende melodie gebaseer is.



Toonsoort: ______________________________ (1)

1.4.2 Herskryf die melodie deur die toonsoortteken van die toonsoort wat in Vraag 1.4.1 genoem is, te gebruik.



(2)


IEB Copyright © 2021

1.5 Identifiseer die modus hieronder.




Modus: ______________________________ (1)

1.6 Skryf die Doriese modus op F met toonsoortteken. Gebruik heelnote.



(2)


1.7 Herskryf die volgende ritme sodat dit dieselfde in saamgestelde tydmaat sal klink.





(2)

1.8 Voltooi die gegewe kadensiële progressie deur vierstemmige harmonie te gebruik. Sluit 'n tweedeomkering-akkoord en 'n dominantsewende-akkoord in.



(4)
**[19]**

## VRAAG 2

Verwys na **Bylaag A** in die Hulpbronboekie.

2.1 Noem die tonikatoonsoort van die stuk.

________________________________________ (1)

2.2 Identifiseer die tipe ensemble wat Bylaag A uitvoer.

________________________________________ (1)

2.3 2.3.1 Identifiseer die vorm van die musiek in Bylaag A.

________________________________________ (1)

2.3.2 Gebruik letters (A, B, C, ens.) om elke seksie voor te stel en toon hoe die vorm van die stuk gekonstrueer word.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (3)

2.4 Besyfer die akkoorde gemerk **X**, **Y** en **Z**.

**X:** ________________________

**Y:** ________________________

**Z:** ________________________ (3)

2.5 Identifiseer die kadens by maat 29–30, gemerk **A**.

________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2021

2.6 2.6.1 Identifiseer TWEE komposisietegnieke wat by maat 31–37, gemerk **B**, aangetref word.

| | |
|---|---|
| Tegniek 1 | |
| Tegniek 2 | |

(2)

2.6.2 Identifiseer EEN komposisietegniek wat in die Viool 1-party by maat 39–44, gemerk **C**, aangetref word.

______________________________________________ (1)

2.7 2.7.1 Noem die toonsoort waarna die musiek by maat 51 moduleer.

______________________________________________ (1)

2.7.2 Wat is die nuwe toonsoort se verwantskap met die tonikatoonsoort van die stuk?

______________________________________________ (1)


2.8 Identifiseer die nie-akkoordnote gemerk **(i)**, **(ii)** en **(iii)**.


**(i)** ______________________

**(ii)** ______________________

**(iii)** ______________________ (3)

2.9 Herskryf die viool 2-party van maat 56–58[2] (hieronder gedruk) op dieselfde toonhoogte in die tenoorsleutel. Sluit die toonsoortteken in.





(2)

2.10 Identifiseer die intervalle gemerk **P**, **Q** en **R**.

**P:** ______________________

**Q:** ______________________

**R:** ______________________ (3)

**[23]**

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 3

Verwys na **Bylaag B** in die Hulpbronboekie.

Bespreek die historiese konteks, lirieke en musiekelemente van *Meadowlands* om uit te wei oor die aanhalings hieronder en die foto wat in Bylaag B gedruk is.

"In 1948 het die Nasionale Party beheer oor die Parlement verkry en begin met die institusionalisering en sistematisering van die rasseskeiding en -stratifikasie van die Suid-Afrikaanse samelewing."

"Die 1950's was die glorietyd van passiewe weerstand … Ten spyte van sensuur het musikante opnames gebruik om die boodskap en inspirasie vir protes te versprei … Die Sophiatown-verskuiwings wat in Februarie 1955 begin het, is bitterlik teengestaan …"

"Deur op letterlike vertaling te steun het die regering [*Meadowlands*] as ondersteuning van hul verskuiwingsprogram vertolk. Die inwoners van Sophiatown het hierdie lied gesing terwyl hul besittings deur regeringsvragmotors weggery is."

[Bron: <www.moam.info/in-township-tonight>; <www.tatic1.squarespace.com>; <www.en.wikipedia.org>]

**[8]**

**Totaal: 50 punte**

IEB Copyright © 2021

## BYKOMENDE SPASIE (ALLE vrae)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2021

IEB Copyright © 2021